
WEEK 2 | 15 JANUARIE | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

**High Fert mylpaal**

120 000 ton kunsmis uitgelaai en die merk oorskry 23 Desember 2020.

>>> BLADSY 7

**Vrystaat toe nie só plat**

Dit was duidelik dat die trappers honger vir fietsry was.

>>> BLADSY 8

**Rolbal en Covid-19**


Alle kompetisies is opgeskort, maar sosiale spel kan steeds voortgaan.

# GEBORE TYDENS SPAANSE GRIEP

Kitty Naudé is vandag, 15 Januarie 2020, 101 jaar oud. Tannie Kitty is die enigste oorlewende van 17 kinders. Sy is in 1919 gebore en in 1946 getroud met Basie Naudé. Sy het 6 kinders die lewe ingebring, is ouma van 17 kleinkinders en grootouma van 24 agterkleinkinders.

Catharina Carolina Kleynhans was tot in st.2 (graad 4) op Warrenton op skool en daarna verhuis haar ouers Villiers toe waar sy met Basie getroud is. Hulle woon op die plaas Engeland in Heilbron distrik en na haar man se afsterwe in 1988 trek sy dorp toe.

Sy is 'n inwoner van Huis Bron van Heil sedert 2004. Sy is gebore tydens die Spaanse Griep tydperk wat gestrek het vanaf Februarie 1918 tot April 1920. Tannie Kitty is heel regs in die voorste ry op die familiefoto onder en op die foto regs wat onlangs geneem is.





*Voor: Gerhardus Bartholomeus Kleynhans met Letitia Cecilia Kleynhans, Gesina Elizabeth Kleynhans (née Boshoff), Letitia Cecilia Janse van Rensburg, Maria Johanna Casperina Janse van Rensburg (née Kleynhans, Letitia Cecilia Boshoff (née Kleynhans) en Catharina Carolina Elizabeth Kleynhans.*
*Agter: die twee wat agter uitloer is onbekend, Jan Hendrik Kleynhans, Letitia Cecilia Kleynhans (née Saaiman), Alice Harriet Kleynhans, Elizabeth Hermine Susanna Kleynhans, Frederick Thomas Kleynhans, Jan Hendrik Kleynhans, Jacobus Lodewicus Janse van Rensburg met sy seun Christoffel Albertus voor hom.*






# HIGH FERT MYLPAAL




Deur die loop van Desember het High Fert Kunsmis in Petrus Steyn 120 000 ton kunsmis uitgelaai en die merk oorskry op 23 Desember 2020. Dit is die totaal kunsmis verkoop vir die seisoen wat begin het op 1 Maart 2020. Daar is intussen nog heelwat tonne uitgelaai en met nog twee maande van die seisoen oor, sal die mylpaal ver oorskry word. Die High Fert span vertrou om nog baie tonne uit te stuur na gewaardeerde kliënte en wil vir elkeen dankie sê wat vir ons 'n aanmoediging was om hierdie mylpaal te bereik.

# KNOW THE FACTS OF CHILDHOOD CANCER

CANSA
CANCER ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

*Heilbron Clinic*
Cancer is not contagious or infectious.
• Most childhood cancers can be treated more successfully if detected early.
• Recent studies show that childhood cancers are caused by genetic & environmental factors
• Leukemia la type of blood cancer ( is the most prevalent cancer for children of all races in South Africa.
• Childhood cancers include cancer of the blood as well as that of the eye, brain, connective tissue, nerves, liver, kidney, muscle & skeleton
• Treatment causes a suppressed immunity in children with cancer that may lead to long periods of absence from school.
• Children have a right to a smoke-free world! Secondhand smoke and third-hand smoke is harmful
• The smoking of cigarettes and hubbly bubbly is especially harmful to children.
Warning signs for childhood cancer.
• Continued unexplained weight loss
• Headaches, often with vomiting - early night/early morning
• Increased swelling or pain in bones, joints, back, legs
• Lump/mass in abdomen, neck, chest, pelvis, armpits
• Development of excessive bruising, bleeding, rash
• Constant infections
• A whitish colour behind the pupil
• Nausea which persists or vomiting without nausea
• Constant tiredness or noticeable paleness
• Eye or vision changes - occur suddenly and persists
• Recurrent fevers of unknown origin
(Under 15 years)
Should you have any concerns about your child showing symptoms, seek medical help immediately.
Children with cancer need to receive right treatment.

# IMMUNISERINGS OPE-DAG

• Heilbron Kliniek

**OPE-DAE**

*** 27 Januarie 2021 * 10 Februarie 2021 * 23 Februarie 2021**

Alle ouers welkom om hul kinders se Immuniserings-rekord te laat kontroleer by die kliniek op bogenoemde datums om te verseker dat hulle al die nodige immuniserings ontvang het. Kontak Heilbron Kliniek vir enige navrae.




**POSTNET HEILBRON**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Elsstraat 42 HEILBRON Tel: 058 853 0006






# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer gerig aan die redakteur.*

**EN TOE GEBEUR DIT MET ONS -**

Na verskeie pleidooie en versoeke aan die verkeersafdeling, asook vorige skrywes aan die Herald waarin ek my bekommernis uitspreek omtrent die jaagduiwels in Kerkstraat, gebeur dit toe met ons! Die nag van 26 Desember word 'n groot gedeelte van die betonmuur voor ons huis, Kerkstraat 23, stukkend gery.
Terwyl ons met vakansie is ontvang ons hierdie boodskap om 01:25, dankie aan die buurtwag se Dawie Fourie.
Terug van ons vakansie, gaan sien ek die persoon wat verantwoordelik is vir die skade, en op my vraag hoe vinnig hy gery het, was sy antwoord so 40 tot 50 kilometer per uur. Sjoe, toe is ek baie bly dat hy nie 140 kilometer per uur gery het nie, want dan het hy in die sitkamer geëindig en ons was nie eers hier om dan vir hom 'n koppie koffie aan te bied nie!!
Die foto's spreek boekdele!!
Ek het al voorheen my bekommernis met die hoof van ons plaaslike verkeersafdeling bespreek, asook met die verkeershoof van Ngwathe in Parys èn met twee verkeersbeamptes wat 'n spoedlokval by die dorp se ingang vanaf Petrus Steyn beman het. Al hierdie versoeke het op dowe ore aan die kant van die verkeersafdeling geval.
Gaan daar eers wetstoepassing gedoen word wanneer iemand doodgery word?
Wat sou gebeur het as hierdie ongeluk gedurende die dag gebeur het terwyl ons kleinkinders in die tuin speel?
Die afgelope tyd is van die verkeerstrepe nuut oorgeverf en alhoewel dit opmerksaam is dat daar die afgelope tyd, om een of ander rede, heelwat verskeersvoertuie in die dorp te sien is, word stoptekens en sperstrepe steeds verontagsaam.





Wie is verantwoordelik om toe te sien dat mense hulle werk doen? Is daar so 'n persoon?
Of is dit 'n geval van nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie slaap?
















**'N VOORSPOEDIGE 2021! Skakel gerus u DA-raadslid vir hulp of met u wenke**

**ANDRIES VREY**
Wyk 12
andries.vrey@gmail.com
**082 565 9855**

**CARINA SERFONTEIN**
Koppies
carserf@compuking.co.za
**083 635 2851**

**POLOKO MOLAPHENE**
Kwakwatsi
pmolaphene@gmail.com
**073 505 5295 / 079 126 9942.**

**ARNOLD SCHOONWINKEL**
Munisipale Finansies
arnoldfin@telkomsa.net
**084 549 3384**
**056 817 6762**

**SMALL SEHUME**
Tumahole/Schonkenville
alfredsehume@gmail.com
**074 751 2692**

**ROBERT FERENDALE**
Heilbron/Edenville
ferendale880215@gmail.com
**079 513 1013**

**JACO LA COCK**
Vredefort
jacolacock@icloud.com
**071 559 3368**

**SHIRLEY VERMAAK**
Parys
shirleyv@tiscali.co.za
**082 461 3680**
**056 817 7211**

DA

# UIT DIE PEN



## WEEK TWEE VAN 2021

Iewers was daar 'n ontploffing. Want toe die skrapnel spat, kom land al die tamatiepitjies in ons tuin. Ek is seker ons het die hele Pretoria-Oos se tamatiepitte gekry, want ons het tamatieplante wat die hele Ooste kan voed. En raai? Dis net ek in hierdie huis wat tamaties eet. En eet, eet ek tamaties. Maar enige mense kan net soveel tamaties eet.

Ons behoort die La Tomatina fees in Spanje kompetisie te gee. Hierdie fees vind elke jaar in Bunðl in Spanje plaas. Dan gooi die inwoners mekaar met tot 150 000 tamaties. (Hulle sit seker dan in tamatiestraat).

Tamaties is die amptelike staatsgroente van New Jersey in die VSA. Dan is daar nog die geveg om te besluit of tamaties groente of vrugte is. Dit laat my dink: Wat is die verskil tussen kennis en wysheid? Kennis is om te weet dat tamaties vrugte is en wysheid is om dit nie in vrugteslaai te gooi nie. Volgens die bioloë is tamaties groente, maar volgens ander is dit (soms) vrugte. Die meeste eetbare kos wat onder die grond of op die oppervlak van die grond voorkom word "groente" genoem en die wat in die lug hang is "vrugte". Maar nie tamaties nie. Daardie een is ȟ tamatietamaletjie. Tamaties kom oorspronklik van Peru en die Asteke het dit blykbaar eerste geëet. Dit is ook al in die ruimte gekweek. Meeste van ons gebruik KOO se tamatiesous. Onthou julle die advertensie van "thirty-six" waar die persoon so deur sy tande fluit? Daar kom blykbaar 36 tamaties in een groot bottel KOO. Heinz, wat ook tamatiesous maak, se sous het 'n spoedbeperking. Regtig! Die sous mag nie vinniger as 0,045 km/h uit die bottel vloei nie. As die sous te vinnig vloei, word dit as uitskot verkoop.

Vyf van die ongeveer 10 000 soorte tamaties groei by ons: hier is klein geletjies, klein swartes (wat nie heeltemal swart is nie), klein rooies, Rosa tamaties en dan een wat aan die outydse konfyttamaties herinner. Nugter weet waar al die saadjies vandaan kom.

Dit het my laat dink aan my gunsteling simpel grappie oor hamsters.

Die man het na die beste troeteldier gesoek en het die eienaar van die naaste troeteldierwinkel om raad genader. Die eienaar reken toe dat die man 'n broeipaar hamsters moet aanskaf. Net tweetjies, geen groot veranderinge aan die huisroetine nie.

Ná vier weke is daar 6 nuwe hamstertjies. Twee maande daarna is daar al 43 hamstertjies. Ses maande daarna is die hele huis en tuin vol hamsters. Daar is hamsters in die yskas, hulle kruip agter die TV weg, vreet die vilt van die klavierhamertjies op, hulle lê in die messelaai en slaap, hulle knaag aan die leeslampies se drade en hol uit die stoof wanneer dit aangeskakel word. Waar jy ook al trap, trap jy op ten minste een hamster se stert.

Die man was moedeloos met al die hamsters. Geeneen van sy bure wil hamsters hê nie, en die advertensie wat hy by die skool se snoepie opgeplak het, lewer geen potensiële hamstereienaar op nie. Uit radeloosheid gaan hy terug na die eienaar van die troeteldierwinkel.

"Meneer, ek het hierdie twee hamsters ses maande gelede hier gekoop. Hulle het net aanhou teel, en nou het ek so baie hamsters dat ek nie weet wat om daarmee te maak nie. Wil jy dit nie hê nie?"

"Nee, dankie, ek verkoop nie meer hamsters nie."

"Maar meneer, wat maak ek nou met al die hamsters?"

Die eienaar het bietjie gedink.

"Maak hamsterkonfyt."

"Wat?" Die man was stomgeskok. Hamsterkonfyt? Hy het in sy lewe nog nooit daarvan gehoor nie.

"Hoe?"

"Maklik. Jy vat sommer die appelkooskonfytresep in die Kook en Geniet en vervang die appelkose met hamsters. Maklik."

Die man gaan huis toe en daardie aand maak hy hamsterkonfyt. Hy het elke liewe hamster gevang en dit in die konfytbrousel gegooi. Laataand is hy klaar, en hy smeer vir hom 'n behaaglike hoeveelheid hamsterkonfyt op sy broodjie.

Dis sò sleg dat hy sommer al die konfyt in die agtertuin uitgooi. Vies gaan klim hy in die bed.

Die volgende dag kan hy sy oë nie glo nie! Die hele agtertuin staan vol tulpe, dit lyk kompleet soos Keukenhof. Daar is geles en rooies en swartes, almal te pragtig vir woorde.

Stomgeslaan gaan die man weer terug na die troeteldierwinkel.

"Meneer," begin hy plegtig. "Ek het die broeipaar hamsters by jou gekoop omdat dit, volgens jou, die beste troeteldiere vir my sou wees. Hulle het net aanhou teel totdat ek dit nie meer kon uitstaan nie. Toe kom vra ek jou vir hulp, want niemand wou hamsters hê nie. Jou oplossing was om hamsterkonfyt te maak. Wat ek gedoen het. Daardie konfyt was so sleg dat ek dit sommer in die agtertuin uitgegooi het. Jy sal nie glo nie! Vanoggend staan my hele tuin vol tulpe. Jou raad oor die troeteldiere en die hamsterkonfyt was ewe sleg. Ek sal nooit, nooit weet na jou winkel toe kom nie. Jy is sommer 'n… 'n… 'n…"

"Bedaar, ou, bedaar." Die eienaar van die troeteldierwinkel laat hom sit en gee vir hom bietjie suikerwater om hom tot bedaring te bring.

Die man dring die suikerwater vies-vies.

"Tulpe? Kan jy dit glo? My hele tuin staan vol tulpe!"

Die eienaar dink so bietjie na.

"Maar dit maak heeltemal sin."

"Vir gekke soos jy, ja, maar vir normale mense glad nie."

"Kom ons dink gou saam daaroor. Hoe goed ken jy die lirieke van Engelse liedjies?"

Die man dink effens na.

"Redelik goed, meneer, hoekom?"

"Maar ken jy nie die woorde van Tulips from Hamsterjam nie?"

Gelukkig eet ek geen konfyt nie, nie tamatiekonfyt nie en ook nie hamsterjam nie.

Maar ek moet bieg: dis nogal lekker om vir iemand 'n sak vol heerlike, ryp tamaties te gee.

En ek wed jou: jy het nou net Tulips from Amsterdam in jou gedagte gesing.

Lekker eet!

## DIE RUS INGEGAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Kantoor Johannes Mohayeng** oorlede op 7 Januarie 2021 in die ouderdom van 60. Hy is die 13de Januarie 2021 begrawe. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Gabriel Sekgonkgoane Bodibe** oorlede op 8 Januarie 2021 in die ouderdom van 55 jaar. Hy is die 14 de Januarie 2021 begrawe. Hy laat na sy familie en vriende.

## FOKUS OP DIE OMGEWING

Twin Mosia, veelbekroonde erfenis, omgewing en kulturele aktivis, wag vir 'n vergaderingsdatum met Francis Moeketsi, Streekbestuurder van Ngwathe.

Sy doelwit is om erfenisgebiede te bewaar. In samewerking met die Riemland Museum en Farm of the Future, het hulle tot die besef gekom dat Heilbron verskeie gemeenskapsuitdagings het, soos werkloosheid, dwelms en diefstal. Deur die beskikbare en vakante areas in Heilbron skoon te maak, skep dit geleenthede en deur met plaaslike belanghebbendes te werk, kan verskeie veranderinge in die Heilbron gemeenskap aangebring word. Dit is ook Twin se plan met die Uniefeesdam. Deur die vergadering met Francis te hê, bied Twin aan om saam te werk en idees vorendag te bring en die dam area positief te ontwikkel en te gebruik.

Verlede jaar het Twin en Francis via epos gesels waarop Mr. MF Moeketsi se terugvoering was:

"Uniefees Oord is 'n openbare fasiliteit en eiendom van die Ngwathe Raad.

In Desember 2018 het die Raad besluit om die oord uit te kontrakteer deur middel van langtermynverhuring en daarom is die personeel daarvan onttrek. As gevolg van vertragings in die proses het ons as amptenare egter besluit om die plek te herbou."

Geen datum is nog bevestig nie en is Twin van plan om verskeie belangstellende besighede te nader en hand te gee in hierdie program.



# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

**AUCTION**

**Case No. 4473/2018 - Ref. AAB322/C Gerdener / Elene**

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**

In the high Court of South Africa Free State Division, Bloemfontein.
**Case No: 4473/2018**
In the matter between:
**BUSINESS PARTNERS LIMITED**
*Plaintiff*

and
**ANDRIES JOZEPHUS SCHEEPERS N.O.**
**(VERKYK LANDGOED TRUST IT725/2011)**
*First Defendant*

**HENDRIKA JACOMINA SCHEEPERS N.O.**
**(VERKYK LANDGOED TRUST IT725/2011)**
*Second Defendant*

**HENDRIKA JACOMINA SCHEEPERS (ID 630618 0054 087)**
*Third Defendant*

**AMELIA SCHEEPERS N.O. (DRINUS TRUST IT1359/2000)**
*Fourth Defendant*

**WILLEM MARTHINUS SCHEEPERS N.O.**
**(DRINUS TRUST IT1359/2000)**
*Fifth Defendant*

In pursuance of a Judgment of the above Honourable Court dated 31 October 2018 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on Friday the 5 February 2021 at 11:00 at Sheriff's Office De Wet Street, Reitz:
CERTAIN: FARM SIERAAD 717, DISTRICT REITZ, FREE STATE PROVINCE;
HELD BY VIRTUE OF: Deed of transfer T14386/2003;
EXTENT: 51,2078 hectares;
Consisting of: Vacant land
**The sale shall be subject to the conditions contained in Deed of Transfer**
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz (Refer Mr Minnie).
**Take further notice that:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the **Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz, telephone number 083 654 7512.**
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.
The office of the **Sheriff for the High Court, 22 De Wet Street, Reitz** will conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
Signed at Bloemfontein on 3 November 2020.
**(sgd. MCV GERDENER)**
**ATTORNEY FOR APPLICANT**
**MCV GERDENER**
**McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**(REF: AAB322/ELENE)**

**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**22 DE WET STREET, REITZ**
**TEL: 083 654 7512**

## DONKIES TE KOOP

• Een mak hings, merrie en vul R1 500 vir al 3.
• Een merrie met vul vir R1 000.
***Kontak Elize 072 838 0840***





## BLOEDSKENK DATUMS

DONATE BLOOD SAVE LIFE

26 Januarie 2021,
23 Maart 2021,
25 Mei 2021,
27 Julie 2021,
28 September 2021,
23 November 2021

Also donate blood in Phiritona this coming Monday on 11 January 2021
Relebohile Clinic – Boardroom
13:00 – 18:00

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# DIENSTE

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

**TE KOOP**

Boer windhondjies te koop. Ingeënt & ontwurm.
R 2 000 elk.
***Skakel 083 271 8862 of 060 708 3804***
***K0739***

**YORKIES TE KOOP**

Pragtige Yorkies te koop.
6 Weke oud, beskikbaar.
***Skakel 072 279 7743 Heilbron***
***K0738***

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen***
***079 040 0531***

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**DENNEHOUT PLANKE**

Groot hoeveelheid beskikbaar. Alle breedtes en lengtes. Ideaal vir die toemaak van palissades.
***Skakel 079 364 4098 of 082 493 8013***

# KENNISGEWING

**BOEDELKENNISGEWING**

In die boedel van wyle **HENRY BROADLEY COCKCROFT** (gebore op 1928-12-03), Identiteitsnommer 281203 5062 08 8, 'n pensioenaris in lewe woonagtig te Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Vrystaat, wie te sterwe gekom het op 2012-05-07 en langslewende gade **JUDITH JACOBA COCKCROFT,** Identiteitsnommer 360805 0006 08 6.
**BOEDELNOMMER: 2839/2018.**
Ingevolge artikel 35(5) van Wet 66 van 1965 word hierby kennis gegee dat duplikate van die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantoor van die Meester van die Hoë Hof, Bloemfontein, en in die Landdroskantoor te Petrus Steyn, Vrystaat, ter insae sal lê vir alle persone wat daarby belang het vir 'n tydperk van EEN EN TWINTIG (21) DAE vanaf 15 Januarie 2021.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die eksekuteurs oor tot die uitbetaling ingevolge die gemelde rekening.
**JOHAN WAGENER ING**
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**POSBUS 58 / KERKSTRAAT 117**
**OUDTSHOORN, 6620**
**(T) 044 272 8911**
**E-POS: hannes@jwinc.co.za**
**(VERW: HO128 / C302)**

GiG Technologies (Pty) Ltd
Jenny Wireless Internet
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

# BEKAMPING VAN VEEDIEFSTAL

2020 se veediefstal in kort opgesom soos aangemeld by Heilbron Beheer:


'n Totaal van 143 beeste is gesteel, waarvan 109 teruggevind is en 34 nog steeds weg is. Baie meer skape is in die Heilbron omgewing weggedra, 294 is gesteel en 108 is teruggevind. Tot dusver in 2021 is daar 1 skaap gesteel en aangemeld asook een huisbraak.

Vee-eieaars speel 'n belangrike rol om veediefstal te voorkom.

Alle diere moet gemerk wees, tatoeëer en brandmerk - eienaarskap van onidentifiseerbare diere kan moeilik bewys word (± 50% van alle diere is nie gemerk nie).

Tel jou diere gereeld en hou behoorlik register van Artikel 6 en 8 van Wet op veediefstal, Nr 57 van 1959 deur dit reg in te vul en te verstaan.

Let op na die gedrag van jou eie werkers – hulle is dikwels informante vir veediewe, wetend of onwetend.


**WINKELURE**

**Maandae - Donderdae** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033










# VRYSTAAT TOE NIE SÓ PLAT

Niemand is regtig seker waarna Steve Hofmeyer verwys wanneer hy sing: "Vat die trein na Bloemfontein en die 506 na Petrus Steyn…" nie. Maar Saterdag was dit vir meer as 30 fietsryers duidelik: hy verwys na die hoeveelheid meter wat jy grondpadlangs na Petrus Steyn toe klim! En dán is jy nog maar net dáár - die pad terug, is óók nie gelyk nie.

Met groot opgewondenheid is die sesde jaarlikse Heilbron Mini-Epic aangepak. Dit was van die wegspring af duidelik dat die trappers ná 'n deurmekaar 2020 honger vir fietsry is en 22 vriende het saam met nege Heilbronners hul uithouvermoë grondpadlangs na Petrus Steyn getoets.

Vriende van so ver as Pretoria, Johannesburg, Heidelberg, Rustenburg en Vryburg het hulself verstom aan die Vrystaatse gasvryheid en skoonheid.

Die roete het by Donsveertjie begin en geëindig en middagete is by die Riemland Country Stop genuttig.

Ondersteuningsvoertuie het saam met die fietsryers gery en trappers opgelaai soos wat die lywe begin protesteer het.

"Die Vrystaat is nie plat nie en dít is nogal 'n skok vir 'n Gautenger," het Hester van der Walt van Pretoria die dag opgesom. Sy het bietjie teëspoed langs die pad gehad en kon net 25 km aflê. Haar seun, Renier het 110 km getrap. Sy was egter nie die enigste persoon wat teëspoed langs die pad gehad het nie. Johan Bergh (15) van Heilbron moes ná twee pap bande sy fiets noodgedwonge op 'n trokkie laai. Hy kon gelukkig een van die ander deelnemers se fietse leen en het die roete voltooi. "Dit het bloed, sweet en 'n paar binnebande gekos, maar alles was die moeite werd," het hy vertel. Hy was die jongste spanlid wat aan die Mini-Epic deelgeneem het. Hanlie Ellis van Heidelberg was die oudste deelnemer. Dié 70 jarige fietsryliefhebber het 116 km gemaklik kaf getrap.

Vanjaar is daar ook tydens die geleentheid geld ingesamel vir die Hoërskool Heilbron se Matriekkomitee.

"Die Mini-Epic is 'n jaarlikse hoogtepunt en ons het weereens wonderlike nuwe fietsryvriende gemaak," het Gerda en Willie Pieters vertel. Willie het die afstand tot in Petrus Steyn per fiets afgelê terwyl Gerda 'n ondersteuningsvoertuig beman het.

Afstande wat deur Heilbronners voltooi is:

Neels Claasen – 47 km
Colett Els – 48 km
Annari Combrink, Liza Boshoff en Willie Pieters – 55 km
Warren Pieters – 100 km
Joanita Claasen en Johan Bergh – 115 km
Wentzel van Tonder – 167 km



*HOU BENE HOU: Morné Victor en Rocco Steenbergen, beide can Roodepoort, het ook Saterdag se Mini-Epic aangepak.*



*AMPER KLAAR: Met net 30 km oor om te gaan, moes daar eers vir 'n foto by Vegkop se hek gestop word.*



*TRAPPERS PAK GRONDPAD NA PS AAN: 'n Groep van 31 fietsryers het Saterdag aan die Heilbron Mini-Epic deelgeneem.*



*BLAASKANS: Van links is Linda Lubbe, Hanlie Ellis, Joanita Claaaen, Liza Boshoff, Annari Combrink en Willie Pieters besig om bene te rek tydens Saterdag se uittrappie na Petrus Steyn.*

# COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

President Cyril Ramaphosa het Maandagaand die land toegespreek oor die afsonderingsreëls in poging om die virus te bekamp. Suid-Afrika bly onder die vlak-3 regulasies, maar die aandklokreël het wel verkort en is nou vanaf 21:00-05:00. Die jongste getalle dateer tot op 13 Januarie en toon dat daar 1 278 303 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 35 140 en reeds 1 030 930 mense het van die virus herstel.

Die jongste nuus deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 13 Januarie 2021 en dui aan dat Ngwathe 1908 bevestigde gevalle het waarvan Heilbron tans op 620 staan. Koppies, Heilbron, Sasolburg en Kroonstad word tans beskryf as brandpunte en gevalle verhoog daagliks in die distrik. As jy nog nie iemand ken wat Covid-19 het nie, sal jy binnekort! Doen jou deel, dra jou masker en bly 1.5m weg van ander mense.

**Fezile Dabi District Covid-19 Infections Cumulative as on 13 January 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 2624 | 2951 |
| | Deneysville | 254 | |
| | Oranjeville | 73 | |
| MOQHAKA | Kroonstad | 2742 | 3070 |
| | Viljoenskroon | 280 | |
| | Steynsrus | 48 | |
| NGWATHE | Parys | 779 | 1908 |
| | Heilbron | 620 | |
| | Koppies | 366 | |
| | Edenville | 55 | |
| | Vredefort | 88 | |
| MAFUBE | Frankfort | 475 | 740 |
| | Villiers | 121 | |
| | Cornelia | 22 | |
| | Tweeling | 122 | |
| | | TOTAL | 8669 |

# WILLEM GEE SY BESTE VROEG

Die huidige 2de vlaag van Covid 19 het maar 'n manier om langtermyn planne vinnig te verander. Hoërskool Heilbron se borgdag wat op 1 Februarie sou plaasvind, moes uitgestel word omdat die nuwe vlak 3 regulasies bepaal dat daar net 50 mense kan wees en daar is vir baie meer mense begroot. Die komitee sal ook 'n nuwe jaarbeplanner uitstuur na afloop van hulle vergadering.

Vian Leeb het tot die klub se redding gekom met 'n trekker om die gras te sny, die klub se trekker is nog in ICU en hulle wag vir parte.

Willem Loots laat die baan maklik lyk met sy goeie spel en wen verlede Saterdag se HBA Monthly Mug met 'n netto telling van 66 houe. Jackie was tweede met 71 en Vian Leeb derde met 74.



*Klubkaptein Eben Stander oorhandig die beker aan Willem Loots.*

Môre is die gewone spel om 11:00.

# ROLBAL EN COVID-19

As die president van die land begin met “My fellow South Africans”, sit almal op die punte van hulle stoele om te hoor wat nou weer gaan gebeur met “immediate effect”

Vir ons eie veiligheid en die veiligheid van families en vriende by ons onderskeie sport instansies is hierdie inperkingsmaatreëls beslis nie ongegrond nie.

Rolbal word wel geraak deur die vlak 3 inperkings, alhoewel alle kompetisies op hierdie stadium deur Rolbal Suid Afrika opgeskort is, kan sosiale spel by die klub steeds voortgaan. Om egter sosiale afstand te handhaaf word slegs enkels en pare spel toegelaat, terwyl die voorgeskrewe veiligheidsvoorskrifte (protocol) nagekom word.

Na baie jare se getroue diens as tuinier is daar ook op 23 Desember afskeid geneem van Jacob Shabalala wat op pensioen gegaan het. Baie rolbalspelers sal Jacob onthou as deel van Heilbron Rolbalklub.

Met die ondersteuning van veral Koos Bierman en Whity Joubert het Jacob deur die jare verseker dat die baan altyd in 'n uitstekende speelbare toestand gehou is.


*Op die foto links Jacob Shabalala en regs Whity Joubert.*






STOORMAN GESOEK

RSA Grain Storage Solutions beskik oor 'n pos vir 'n stoorman. Stuur jou CV na willem@rgss.co.za

RSA Grain Storage Solutions

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 18 JANUARIE 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DINSDAG - 19 JANUARIE 2021**

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VREDE: ARUNDEL BOERDERY
Bonsmara/Bovelder tipe beeste,
Dohne en Meatmaster skape
11:00, Arundel, Vrede
Kontak Gert Burger 082 822 1952

**WOENSDAG - 20 JANUARIE 2021**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

**DONDERDAG - 21 JANUARIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**VRYDAG - 22 JANUARIE 2021**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**